

Strandlangs aan die Seekus van die Dood

Noord en suid is net sand. Wes lyk die Atlantiese Oseaan kouer en kwaaiër as ooit en in die ooste verdwyn reuseduine oor die horison. Die wind swiep die sand op en dreig om die vel van my kuite af te stroop. Die Skedelkus maak stof van alles en almal. Hier bak geraamtes wit in die son en skepswrakke roes en verdwyn in die sand.

WOORDE EN FOTO'S **FRANÇOIS HAASBROEK**

Die Kuneneriviermond is een van daai plekke waar jy wil vlag insteek. Soos 'n hoë bergspits, die uithoek van 'n vasteland of afgeleë eiland is dit 'n plek wat so ver buite Jan Alleman se bereik is, dat wanneer jy daar kom, jy soos 'n ware ontdekker voel – 'n moderne Marco Polo of Magellaan.

Wel, Marco Polo het nie ekstra brandstofkanne en 'n ewenaarslot gehad nie, maar selfs die nuutste Land Cruiser is nooit heeltemal opgewasse teen die 660 km tussen beskawing en die mond nie.

Dekker Smit van Omalweendo Safaris het my genooi om vir sewe dae van Swakopmund af al teen die kus op te ry tot by Kunene en dan deur die duine 'n pad te soek na die Hartmannsvlei en die Kaokoveld en van daar af terug te ry tot by Khowarib naby Sesfontein.





SEE EN SAND. Maak seker jou vraag se stroppe is styf vas, blaas jou bande af en pak die "pad" Kunene-riviermond toe terwyl die branders links van jou breek.



SKEDELKUS- NASIONALE PARK

Die suidelike deel van die reservaat tussen die Ugabhek en Möwebaai is oop vir die publiek. As jy 'n voor-smakie van die Skedelkus wil hê en nie saam met 'n toergroep wil ry nie, kan jy hierdie deel verken. Besoekers betaal 'n daaglikse parktarief van R80 (kinders tussen 6 en 16 kom gratis saam) en R20 per voertuig per dag.

Torrabaai is die enigste kamp-plek in die reservaat (R210 p.p.p.n., maksimum 10 mense per staan-plek) en is net in Desember en Januarie oop. Die Terracebaai-oord het 20 dubbelkamers (R1100 p.p. wat deel, aandete en ontbyt ingesluit). Hier is ook 2 kothuise op die strand met onderskeidelik slaapplek vir 6 mense (julle moet ten minste 3 mense wees om dit te bespreek) en 10 mense (minimum 4 mense). Dit kos R940 p.p. wat deel.

Kontak ☎ 00264 61 285 7200;
✉ nwr.com.na

DAG 1 Die laaste buitepos

Twee groot ysterskedels en gekruiste doodsbeendere verskyn op die horison. Dit is die hek van die Skedelkus- nasionale park in die droë loop van die Ugabrivier. Dié smal bewaringsgebied strek maar sowat 50 km die binneland in, maar hou al die pad van hier af tot teen die grens van Angola aan – vir sowat 500 km.

Ons konvooi van 13 voertuie staan tou voor die hek terwyl Dekker en sy medegids, RW van Zyl, die nodige papierwerk afhandel.

Behalwe vir twee Mazdas is al die ander voertuie in die konvooi Toyotas. Die rygoed kreun onder die gewig van daktente, hout, kanne water en tot agt ekstra kanne brandstof.

My rooi dubbelkajuit-Isuzu word met 'n geksekerdery begroet: "Hoe groot is jou graaf?", "Moenie worry nie, ek het 'n tou" en "Ten minste is dit nie 'n Land Rover nie".

Ek weet egter die bakkie het murg in sy pype en lag die ouens se opmerkings af: "Wag tot ek een van julle moet uitsleep!"

Tussen die Ugabrivier en Möwebaai is die Skedelkus nog mak. Die klipperige woestyn-paaie is geskraap en enigeen kan 'n permit kry om hier te kom rondry. RW vorm die agterhoede om seker te maak niemand raak te ver agter nie.

Elke voertuig is vanoggend voor ons vertrek uit Swakop-mund met 'n radio toegerus. "Oom RW, oom RW, kom in. Is julle al uit Swakop?" terg Dekker se kraakstem oor die lug.

"Ja, Dekker. Op julle hakke," kom die antwoord.

Hoewel kinders welkom is op hierdie toere, bestaan ons groep net uit paartjies uit Suid-Afrika en 'n paar mense van Windhoek. (Die pad kan seker vinnig te lank raak vir woelwaters.) Die konvooi stop by Terracebaai vir kospak-kies by die kiosk en ek ontmoet 'n benoude Hans en Sonia Venter van Pretoria wat een van die Mazdas ry. "Dit gaan sukkel om deur die woestyn te kom," sê Hans. "Ons is halfpad met dag een en ek moes reeds albei my noodwiele gebruik!"

Gelukkig kan Hans sy bakkie se bande hier by Terracebaai (natuurlik teen 'n stewige prys!)

laat regmaak voor ons verder aanry Möwebaai toe waar Dekker beoog om ons eerste skof te laat eindig.

Möwebaai is die reservaat se hoofkwartier en ook die punt waar die beskawing skielik op-hou. Vanoggend se makkerige pad vanaf Swakop verby Henties, en die talle afdraaie na mistige visvangplekke soos Doep se Gat, Horingbaai, Myl 110 en Stoompype voel nou soos iets uit 'n ander leeftyd. Vorentoe lê nou net 'n ware wildernis op ons en wag – slegs Omalweendo en nog een ander toeroperateur word hier toegelaat. Almal maak vir oulaas hulle bakkietenke en brandstofkanne vol, die volgende petrolpomp is 2000 km van hier...

Ons slaan die aand sowat 10 km noord van Möwebaai agter die duine kamp op. Dis hier meer beskut teen die nag se koue en mis as op die strand. 'n Westewind ruk nog tot laatnag aan my tentseile, maar toe dit gaan lê, moet ek my ore spits om selfs die oseaan te kan hoor. Hier's g'n geluid nie – nie eens die roepe van woestyndiere nie. Die kus is stil soos die dood.



DAG 2 Waar die kus sy naam kry

Die Khoisan het geglo dat God dié kuslyn uit woede gemaak het. En die Portugese het dit die “Hekke van die Hel” genoem. Met goeie rede: Strandlangs sien jy oral die oorskot van skepe wat deur dié kus gepootjie is.

En nie net skepe nie – ’n ent van ons kamp af lê die strand bestrooi met metaal. Dit is al wat oor is van ’n Lockheed Ventura wat hier in die see gestort het. Dié vliegtuig het ’n rol gespeel in die bekendste reddingspoging langs die Skedelkus, toe die Dunedin Star in 1942 sowat 125 km noord hiervandaan op die rotse geloop het.

John Henry Marsh het twee jaar later oor die skip se lot geskryf en onwetend die kus herdoop toe die naam van sy boek op kaarte begin verskyn het: Skeleton Coast.

Ná ’n vinnige draai deur die Sarusasvallei om te sien hoe die reservaat binneland toe lyk, eet ons by ’n fontein in die middel van nêrens middagete en kies dan koers see toe.

By Kaap Fria (“Koue Kaap”) ruik jy hulle eers. Dan hóór jy hulle, en uiteindelik sien jy dit: ’n robkolonie van derduisende wat vir meer as 2 km op die strand lê en baai. Ek stap saam met Herman Marx van Pretoria en sy vrou, Antoinette, nader aan die kolonie toe die hele spul opspring en met ’n groot geraas die branders instrompel. Die lyfie van ’n babarob bly agter, sy nek onnatuurlik gebuig. Ons staan bekommerd nader, maar dan gaan die ogies oop en rek die volgende oomblik wyd as hy die drie reuse oor hom sien staan! Met ’n benoude blaf skarrel die robbetjie haastig water toe – dis maklik om in die woestynson te lê en verslaap!

Ver genoeg van die diere se reuk en rumoer roep Dekker halt vir dag. Nadat elkeen sy tent opgeslaan het, vorm ’n kampstoelkring om die vuur. Tyd vir nabetragting oor ’n glasie wyn.

DAG 3 Die Mond

Vanoggend is daar ’n byt in die lug en my tent se reënseil is klam en klewerig van die dou. Die woestyn raak snags koud



en hoewel ’n mens die gebied heeljaar kan besoek, is somertyd, wanneer die mis in die oggende nie so dig is nie, die beste.

Ek stap ’n paar kilometer woestyn-in, maar selfs hier is dit onmoontlik om heeltemal alleen te wees: Drie jakkalse agtervolg my die oomblik toe ek die groep verlaat.

Die trio bly op my hakke – hulle stap wanneer ek stap en stop wanneer ek stop. Die jakkalse weet: Met genoeg

WOESTYNLEWE (van die oorkantste bladsy, links bo na regs). Behalwe fonteine wat tussen duine land-in skuil, is hier droë rivierlope wat soms water het, soos die Huabrivier; langs die kus kamp jy tussen duine en onder ’n sterredak, soos hier noord van Möwebaai; die oorskot van ’n Lockheed Ventura-vliegtuig wat geval het met die reddingspoging van die Dunedin Star; wanneer ’n mens land-in gaan, soos hier by die noordelike punt van die Sarusasvallei, is die woestyn meer klip as sand.

4X4 SKEDELKUS & KAOKOVELD

SKELMSTREKE (regs). Rits jou tent toe wanneer jy nie 'n oog oor dit kan hou nie; honger jakkalse maak hulle draaie tussen die tente en sal nie skroom om buit te maak op enigiets eetbaar (of wat vir hulle lekker ruik!) nie.

HUISIE BY DIE SEE (onder). Die skipbreukelinge van die Dunedin Star moes 'n paar weke wag totdat hulle opgepik kon word. Hulle het vir hulle skuilings op die strand gebou, dié houtgeraamte is al wat oor is ná 70 jaar.



DIE LOT VAN DIE DUNEDIN STAR

Sedert skeepvaarders van ouds so ver suid gekom het, het skepe aan die Skedelkus hulle rieme styfgeloop. Een van die verhale wat uitstaan, is dié van die Dunedin Star wat om middernag op 29 November 1942 naby Angra Fria op die rotse geloop het:

Meer as die helfte van die bemanning maak dit tot op land voordat die reddingsboot die gees gee. Die Sir Charles Elliot-sleepboot uit Walvisbaai se hulp word ontbied en pik die orige 32 matrose van die skip af op. Maar op pad terug Walvisbaai toe, loop die Sir Charles Elliot óók op die rotse by Rocky Point (sowat 100 km suid van die Dunedin Star).

Die skipbreukelinge bou skuilings op die strand terwyl hulle wag om deur 'n konvooi vragmotors uit Windhoek gered te word. Om seker te maak hulle oorleef, laat val die Suid-Afrikaanse lugmag voorrade uit vier Lockheed Venturas.

Een van die loodse, kaptein Immins Naudé, besluit hy gaan probeer om van die skipbreukelinge op te pik en land sy vliegtuig net daar op die sand, maar sit toe in 'n soutpan vas en kan nie weer opstyg nie!

Uiteindelik daag die vragmotors op en red die gestrande bemanningslede terwyl 'n span later moet terugkeer vir Naudé se vliegtuig. Ná vier dae se gespoek kry hulle dit weer in die lug, maar enkele minute ná opstyging tuimel die tuig in die see. Albei loodse oorleef.

Sowat 20 km van die vliegtuigwrak af glimmer die brons van 'n gedenksteen in die woestynson. Dit is hier waar Matthias Koraseb begrawe lê, en die steen gedenk ook die lewe van Angus Macintyre wie se liggaam nooit gevind is nie – twee bemanningslede van die Sir Charles Elliot wat nie oorleef het nie.

Voordat die gedenkteken hier opgerig is, was Koraseb se graf net van seesand en klip, met 'n stuk hout bo-oor waarop die oorlewendes geskryf het: "M. Koraseb who died so his shipmates may live."



geduld kan enige dier wat hier rondstap, uiteindelik 'n maaltyd word. Ek ook.

Terug by die kamp pak ons op en skuif noord. Weer eens kom Dekker se grappie oor die radio: "Oom RW, oom RW, kom in. Is julle al uit Swakop?"

"Ja, Dekker. Op julle hakke."

Die eerste stilhouplek van die dag is by die skuilings wat die Dunedin Star-skipbreukelinge gebou het. Hier's nog net 'n houtgeraamte oor van die hut waarin hulle byna 'n maand lank op redding gewag het.

Hoe nader jy aan die Kunene-rivier kom, hoe minder klippe-rig word die woestyn en hoe groter word die duine aan die regterkant totdat ons plek-plek met twee wiele in die seewater moet ry!

Ewe skielik maak die kuslyn 'n skerp kaap. "Dames en here," kondig Dekker oor die radio aan. "Die Kunenerivier."

Die Kunene is 'n kilometer wye strook in die landskap wat sand in die suide van klip in die noorde skei. Dit is dor en bar. Ek weet nie eintlik wat ek te wagte was nie, maar dis hoe dit

hoort – enige fanfare sou dit net bederf. Ons het dit gemaak – tot by hierdie uithoek van Namibië, waarskynlik die verste een van enige beskawing af.

Ons ry 13 km terug op ons spore tot by Bosluisbaai waar ons die aand gaan slaap. Die Hartmannsvlei is die volgende baken op ons reis, maar ons moet eers oefen om die 50 km met reuse-sandduine tussen hier en daar baas te raak. Daarvoor stop Dekker net buite Bosluisbaai by 'n bielie van 'n duin en demonstreer sy-aan-sy saam met RW hoe om die steil kant van 'n duin baas te raak.

Ek prewel hulle voorskrifte soos mantras teenoor myself: Hou die voertuig in eerste rat. Hou die wiele reguit. Moenie vet gee nie.

Soos die Isuzu se neus die kruin van die duin nader, klem my kneukels al witter om die stuurwiel. Dan sak die bakkie se neus skielik skerp en vir 'n oomblik voel dit asof die voertuig gat oor kop teen die duin gaan affoeter soos my kamerasak en ander los bagasie van die agtersitplek af vorentoe tuimel.

Dan slaan die wiele diep in die kruin in, en stadig, saam met die sand, begin die bakkie teen die duin afgly. Sjoel! Ek kan weer asemhaal.

"Netjies," kraak 'n stem oor die radio.

DAG 4 Dag in die duine

Die goue reëls van duinry is bondig en eenvoudig: Maak seker jou wiele is pap genoeg, maak seker jy het genoeg momentum om die volgende duin se kruin te bereik en bly in die man voor jou se spore.

Gisteraand om die kampvuur het Dekker vir ons verduidelik dat die tog deur duine ons omtrent heeldag gaan vat en dat jy

nou al vrede moet maak met die feit dat jy gaan vassit.

Hier slinger nie tweespoorpaadjies deur die woestyn nie, die duine skuif en die enigste manier om te weet waar die sand hard en stewig is, is om maar te ry en kyk.

Gereeld kom 'n benoude stem oor die radio van 'n konvooilid wat nie genoeg vet teen 'n opdraand gegee het nie, of uit die spoor geswenk het, en nou die naaste voertuig met 'n sleep-tou ontbied.

Die rooi Isuzu staan sy man en hoef nie een keer uitgesleep te word nie.

"François se bakkie is baie ligter gelaai," kom die eerste verskoning oor die radio.

"Moet wees, hy ry nie 'n

swaar daktent saam nie," beaam iemand uit 'n Hilux.

"Ook nie sy vrou nie."

Ná ure se sand ry begin die duine eindelijk afplat en kort voor lank sien ons die eerste klossies gras. Dit voel asof ek weke laas iets groens gesien het, maar dit is bittersoet. Om deur hierdie duine te ry is die grootmens-weergawe van saam met jou maters met Dinky Toys in 'n sandput speel: Die son kan nooit te vroeg sak nie.

Wanneer die sandpad eindelijk weer grond raak, kyk ons uit oor die noordelike vlaktes van die Hartmannsvlei. Ons pomp bande en ry deur die plate goue grashalms met die son wat begin water trek.

NIEMANDSAND. Tussen die see en grondpad is daar omtrent 50 km reuseduine wat jou vir 'n dag lank gaan besig hou.





HART SE PUNT (bo). Waar die Skedelkus hard en dor is, is die Hartmannsvlei sy teenpool. Die grasvelde is gespekkel met “feetjiesirkels” en jy wag nie lank voor jy die eerste gemsbokke sien nie.

RUBBER NATMAAK (oorkantste blad). Jy kan die ergste van die Skedelkus se stof afspat wanneer jy vir 23 km in die Hoarusib-rivierloop in enkeldiep water ry. Hou net jou oë oop vir olifante.



MENEER IN BEHEER. Dekker Smit van Omalweendo Safaris sal seker maak jy verdwaal nie.

DAG 5 **Klippe kou deur die Kaokoveld**

Die woestyn wag altyd vir water. Dit maak nie saak hoe dor en dood dit lyk nie, reën blaas nuwe lewe in die vallei. Die noordelike Kaokoveld het ’n paar maande vroeër goeie reën gehad en troppe springbokke en gemsbokke wei nou nog steeds op die vaal, kuithoogte gras.

Ons volg ’n tweespoorpad in die vallei langs tot by Oranjedrom waar ons suid gaan draai, dieper die sagte hart van Kaokoveld in.

Bo-op die drom lê ’n nota-boek met ’n leeromslag onder kwartsklippe vasgepak. Elkeen in die konvooi voeg sy naam by, en ek laat ook ’n inskrywing: “Weg was hier.”

Suid van die Ondusengorivier raak die gras al yler en verdwyn naderhand heeltemal. By die Khumibrivier draai die konvooi in die droë rivierloop af

en ná ongeveer 3 km ry ons vas in ’n trop vaal woestynkameelperde!

Dié aand is ons groepie se laaste “wilde” stanning onder die sterre, in die beskutting van ’n halfmaan heuwels.

DAG 6 **Water en woestyn**

Droë riviere soos die Uniab, Hanib, Khumib en die Ondusengoloop soos are deur woestyn. Een van die grootstes is die Hoarusibrivier wie se water – soos baie ander woestynriviere – ondergronds vloei.

Ons kruis die Hoarusib by Leyland se Drif, 31 km van laasnag se kampplek af, en hier is water! In hierdie kloof forseer ondergrondse gesteentes die grondwater vir ’n paar kilometer na die oppervlak voordat dit weer op pad na die Atlantiese Oseaan onder die woestynsand verdwyn.

Die water is ’n toevlug vir

menige dier wat jy nie in ’n woestyn sal verwag nie. Bobbejane, renosters en leeus patrolleer die rivierloop en net anderkant die Puros-canyon wei daar selfs ’n alleenloperolifantbul.

Dis ’n welkome verandering om, ná die paaie van klip, grond en sand, vir omtrent 25 km deur die kniediep water te ploeg.

Hier is skielik verkeer van voor af – ’n vreemde gesig. Soos die rivieravyn toenemend oopmaak, begin selfone vir die eerste keer in ’n week vibreer – die klein gehuggie Puros kan nie meer ver wees nie.

Van Puros af Sesfontein toe skud die pad my bakkie soos ’n wasmasjien met ’n baksteen in. Ek is bly ek het (nog!) nie kunstande nie! Dis loshande die slegste stuk pad van die toer en Tokkie en Sonia Langeveld (ook van Pretoria) verloor hulle Hilux se buffer. Teen dit tyd dat ons by Warmquelle na die Khowarib



Schlucht-gemeenskapskamp afdraai, is die paaie darem al breër en geskraap.

Ek slaan my tent teen die rand van die kloof op met die Hoanibrivier reg voor my. Hier word ons die eerste keer in 'n week met lopende water, spoeltoilette en 'n laaste kampvuur bederf.

Ek word die volgende oggend wakker van beeste en donkies wat kom water suip. Die meeste van die konvooi het reeds vertrek – suid na Windhoek of terug Swakop toe en van daar af huiswaarts.

Ek pak op, staar vir oulaas uit oor die Hoanib en draai die rooi Isuzu se neus dan noord. My toer is nog nie verby nie. Daar is meer aan die Kunene as net 'n mond...

** Lees op bl. 52 hoe François die res van die Kunene sommer góéd leer ken.*

WEET VOOR JY WAAI

Wanneer kan ek saamkom? Omalweendo lei sowat 13 toere per jaar. Kyk op die webblad vir datums.

Watter voertuig het ek nodig? 'n 4x4 met 'n goeie grondvryhoogte.

Moet ek kan bestuur soos Giniel? Glad nie. Behalwe vir die duine is hier geen tegniese 4x4-paaie nie. As jy bekommerd is oor al die sand, kan daardie gedeelte van dit toer uitgesny word – dis dan een dag korter.

Wat moet ek saamvat? Al jou kampgoed, eetgerei, water, hout, ekstra brandstof en olie, asook peuselgoed vir die pad.

Koste R9 600 per volwassene en R8 965 indien jy die korter toer sonder die duine wil doen. (R4 000 per kind tussen 11 en 16 jaar oud ongeag die lengte van die toer. R900 per kind jonger as 11 jaar.) Die pryse sluit alle etes, park- en kamptariewe en twee gidsvoertuie in.

Kontak ☎ 00 264 81 122 0168;
✉ dekkersmit@omalweendo.com;
✉ omalweendo.com.

4X4 SKEDELKUS & KAOKOVELD



Wie nog? Live The Journey bied 'n ses nag lange Skedekustoer aan: R11 950 per volwassene (R4 500 per kind tussen 12 en 17 jaar oud; R3 400 per kind tussen 6 en 11 en R1 925 per kind tussen 2 en 5).
Kontak ☎ 021 863 6400;
✉ livethejourney.co.za

